



MENIKO  
DIE PROVINSIE TRANSVAAL

Mr Manson  
P 576 - Post 7/5  
Mr Walker

# Offisiële Roerant

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

# THE PROVINCE OF TRANSVAAL

# Official Gazette

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

VOL. CLXVIII.] PRYS 6d. PRETORIA,

25 MAART  
25 MARCH

1959. PRICE 5d.

[No. 2759.

## INHOUD AGTERIN.

## CONTENTS ON BACK PAGES.

No. 32 (Administrators), 1959.]

### PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE DIE ADMINISTRATEUR VAN DIE  
PROVINSIE TRANSVAAL.

Nademaal 'n aansoek ontvang is om toestemming om die dorp Alberton Uitbreiding No. 23 te stig op Gedeelte a van Gedeelte 8 van Gedeelte G van gedeelte van die plaas Elandsfontein No. 6, distrik Germiston;

En nademaal aan die bepalings van die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie, 1931, wat op die stigting van dorpe betrekking het, voldoen is;

So is dit dat ek kragtens en ingevolge die bevoegdhede wat by subartikel (4) van artikel *twintig* van genoemde Ordonnansie aan my verleen word, hierby verklaar dat genoemde dorp 'n goedgekeurde dorp is, onderworpe aan die voorwaardes vervat in die bygaande Bylae.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Negende dag van Maart Eenduisend Nege-en-vyftig.

F. H. ODENDAAL,  
Administrateur van die Provincie Transvaal.  
T.A.D. 4/8/1665.

### BYLAE.

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEËN DEUR ANNIE MARIA KIRBY, WEDUWE, INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE DORPE- EN DORPSAANLEG-ORDONNANSIE, 1931, OM TOESTEMMING OM INGEVOLGE WET NO. 33 VAN 1907 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE A VAN GEDEELTE 8 VAN GEDEELTE G VAN GEDEELTE VAN DIE PLAAS ELANDSFONTEIN NO. 6, DISTRIK GERMISTON, TOEGESTAAN IS.

### A—STIGTINGSVOORWAARDES.

#### 1. Naam.

Die naam van die dorp is Alberton Uitbreiding No. 23.

#### 2. Ontwerpplan van die dorp.

Die dorp bestaan uit erwe en strate, soos aangedui op Algemene Plan L.G. No. A.3877/57.

#### 3. Water.

Die applikante moet 'n sertifikaat van die plaaslike bestuur aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê, waarin vermeld word dat—

(a) 'n voorraad water geskik vir menslike gebruik en wat toereikend is om aan die vereistes van die inwoners van die dorp te voldoen wanneer dit heeltemal toegebou is, met inbegrip van voorsiening vir brandweerdienste, beskikbaar is;

(b) reëlings tot voldoening van die plaaslike bestuur getref is in verband met die levering van water in (a) hierbo genoem en die lê van die pypnet daar-

No. 32 (Administrator's), 1959.]

### PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE THE ADMINISTRATOR OF THE PROVINCE OF TRANSVAAL.

Whereas an application has been received for permission to establish the township of Alberton Extension No. 23 on Portion a of Portion 8 of Portion G of portion of the farm Elandsfontein No. 6, District of Germiston;

And whereas the provisions of the Townships and Town-planning Ordinance, 1931, relating to the establishment of townships, have been complied with;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (4) of section *twenty* of the said Ordinance, I hereby declare that the said township shall be an approved township, subject to the conditions contained in the Schedule hereto.

### GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand at Pretoria on this Ninth day of March, One thousand Nine hundred and Fifty-nine.

F. H. ODENDAAL,  
Administrator of the Province of Transvaal.

T.A.D. 4/8/1665.

### SCHEDULE.

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY ANNIE MARIA KIRBY, WIDOW, UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWNSHIPS AND TOWN-PLANNING ORDINANCE, 1931, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP UNDER THE PROVISIONS OF ACT NO. 33 OF 1907, ON PORTION A OF PORTION 8 OF PORTION G OF PORTION OF THE FARM ELANDSFONTEIN NO. 6, DISTRICT OF GERMISTON, WAS GRANTED.

### A—CONDITIONS OF ESTABLISHMENT.

#### 1. Name.

The name of the township shall be Alberton Extension No. 23.

#### 2. Design of Township.

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan S.G. No. A.3877/57.

#### 3. Water.

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate from the local authority to the effect that—

(a) a supply of potable water, sufficient for the needs of the inhabitants of the township when it is fully built up, including provision for fire fighting services, is available;

(b) arrangements to the satisfaction of the local authority have been made regarding the delivery of the water referred to in (a) above and the reticulation

voor in die dorp; met dien verstande dat onderstaande bepalings in sodanige reëlings ingesluit word—

- (i) dat die applikante 'n geskikte voorraad water tot by die straatfront van 'n erf moet laat aanlê voordat die planne van 'n gebou wat op die erf opgerig sal word, deur die plaaslike bestuur goedgekeur word;
- (ii) dat alle koste van of in verband met die installering van 'n installasie en toebehore vir die levering, opgaar, indien nodig, van water en die lê van die pypnet daarvoor deur die applikante gedra moet word, wie ook aanspreeklik is om sodanige installasie en toebehore in 'n goeie toestand te onderhou tot tyd en wyl hulle deur die plaaslike bestuur oorgeneem word; met dien verstande dat, indien die plaaslike bestuur vereis dat die applikante 'n installasie en toebehore van 'n groter kapasiteit as wat vir die dorp nodig is, moet installeer, die ekstra koste in verband daarmee deur die plaaslike bestuur gedra moet word;
- (iii) dat die plaaslike bestuur daartoe geregtig is om genoemde installasie en toebehore te eniger tyd kosteloos oor te neem, op voorwaarde dat ses maande kennis gegee word; met dien verstande dat die applikante geldé vir water wat gelewer word teen 'n tarief deur die plaaslike bestuur goedgekeur, kan vorder tot tyd en wyl die plaaslike bestuur genoemde waterlevering oorneem;
- (c) die applikante geskikte waarborgs aan die plaaslike bestuur verstrek het met betrekking tot die nakoming van haar verpligtings kragtens bostaande reëlings.

'n Beknopte verklaring waarin die aard en hoeveelheid van die watervoorraad beskikbaar en die hoofstrekke van die reëlings tussen die applikante en die plaaslike bestuur getref, uiteengesit word, met spesiale vermelding van die waarborgs in subparagraph (c) gencem, moet saam met genoemde sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

#### 4. Sanitaire dienste.

Die applikante moet 'n sertifikaat van die plaaslike bestuur aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê, waarin vermeld word dat reëlings tot voldoening van die plaaslike bestuur getref is vir sanitäre dienste in die dorp, met inbegrip van voorsiening vir die afvoer van afvalwater en vullisverwydering.

'n Beknopte verklaring van die hoofbepalings van genoemde reëlings moet saam met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

#### 5. Elektrisiteit.

Dic applikante moet 'n sertifikaat van die plaaslike bestuur aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê, waarin vermeld word dat reëlings tot voldoening van die plaaslike bestuur getref is vir die levering en distribusie van elektrisiteit deur die dorp.

'n Beknopte verklaring van die hoofbepalings van genoemde reëlings moet saam met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

#### 6. Begraafplaas, stortingsterrein en Naturellelokasie.

Die applikante moet tot bevrediging van die Administrateur met die plaaslike bestuur reëlings tref in verband met die voorsiening van 'n stortingsterrein en terreine vir 'n begraafplaas en Naturellelokasie. Indien sodanige reëlings daaruit bestaan dat grond aan die plaaslike bestuur oorgedra moet word, moet die oordrag vry wees van voorwaardes betreffende die gebruik en vervreemding daarvan deur die plaaslike bestuur.

#### 7. Mineralerechte.

Alle regte op minerale en edelgesteentes, met inbegrip van alle regte wat by die pagvry-grondbesitter berus of hierna mag berus, om te deel in die opbrengste wat moontlik aan die kroon mag toekom uit die verkoop van die

thereof throughout the township: Provided that such arrangements shall include the following provisions—

- (i) that before the plans of any building to be erected upon any erf are approved by the local authority the applicant shall cause a suitable supply of water to be laid on to the street frontage of the erf;
- (ii) that all costs of, or connected with, the installation of plant and appurtenances for the delivery, storage, if necessary, and reticulation of the water shall be borne by the applicant who shall also be responsible for the maintenance of such plant and appurtenances in good order and repair until they are taken over by the local authority: Provided that if the local authority requires the applicant to install plant and appurtenances of a capacity in excess of the needs of the township the additional costs occasioned thereby shall be borne by the local authority;
- (iii) that the local authority shall be entitled to take over free of cost the said plant and appurtenances at any time, subject to the giving of six months' notice: Provided that until the local authority takes over the said water supply the applicant may make charges for water supplied at a tariff approved by the local authority;
- (c) the applicant has furnished the local authority with adequate guarantees regarding the fulfilment of her obligations under the above-mentioned arrangements.

A summarised statement setting forth the nature and quantity of the available supply of water and the major features of the arrangements entered into between the applicant and the local authority, with special reference to the guarantees referred to in sub-paragraph (c) shall accompany the said certificate as an annexure thereto.

#### 4. Sanitation.

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate from the local authority to the effect that arrangements to its satisfaction have been made for the sanitation of the township, which shall include provision for the disposal of waste water and refuse.

A summarised statement of the main provisions of the said arrangements shall accompany the certificate as an annexure thereto.

#### 5. Electricity.

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate from the local authority to the effect that arrangements to its satisfaction have been made for the supply and distribution of electricity throughout the township.

A summarised statement of the main provisions of the said arrangements shall accompany the certificate as an annexure thereto.

#### 6. Cemetery, Depositing and Native Location Sites.

The applicant shall make arrangements with the local authority to the satisfaction of the Administrator in regard to the provision of a depositing site and sites for a cemetery and native location. Should such provision consist of land to be transferred to the local authority, transfer thereof shall be free of conditions restricting the use or the right of disposal thereof by the local authority.

#### 7. Mineral Rights.

All rights to minerals and precious stones together with all rights which may be or become vested in the freehold owner to share in any proceeds which may accrue to the Crown from the disposal of the undermining rights of the

mynregte oor die grond, insluitende die aandeel in kleim-lisensiegalde en enige aandeel in huurgele of winste wat moontlik aan enige eienaar mag toekom ingevolge enige mynbrief ten opsigte van die grond binne die dorp en dergelyke gelde, moet deur die applikante voorbehou word.

#### 8. Strate.

(a) Die applikante moet die strate in die dorp vorm en oprod en onderhou tot voldoening van die plaaslike bestuur totdat die aanspreeklikheid deur die plaaslike bestuur oorgeneem word; met dien verstande dat die Administrateur geregtig is om die applikante van tyd tot tyd gedeeltelik of geheel van die aanspreeklikheid te onthef na raadpleging met die Dorperaad en die plaaslike bestuur.

(b) Die strate moet name gegee word tot voldoening van die plaaslike bestuur.

#### 9. Skenkning.

Die applikante moet, onderworpe aan die voorbehoudsbepalings van paragraaf (d) van subartikel (1) van artikel *sewe-en-twintig* van Ordonnansie No. 11 van 1931, as 'n skenkning aan die plaaslike bestuur 'n bedrag betaal gelykstaande met  $19\frac{1}{2}\%$  (negentien en 'n half persent) van slegs die grondwaarde van alle erwe wat deur die applikante verkoop, verruil of geskenk of op enige ander manier van die hand gesit word (uitgesonderd erwe oorgedra ingevolge artikel *vier-en-twintig* van daardie Ordonnansie); sodanige waarde bereken te word soos op die datum waarop dit aldus van die hand gesit word en vasgestel te word op die wyse uiteengesit in genoemde paragraaf (d).

Die applikante moet geouditeerde, gedetailleerde kwaalstate, saam met die bedrag wat daarop aangewys word as verskuldig aan die plaaslike bestuur, aan die plaaslike bestuur verstrek.

Die plaaslike bestuur of enige beampie deur hom behoorlik daartoe gemagtig besit die reg om op alle redelike tye die applikante se boeke betreffende die vervreemding van erwe in die dorp te inspekteer en te ouditeer. Op versoek van genoemde plaaslike bestuur of beampie moet die applikante alle boeke en stukke, wat vir so 'n inspeksie en ouditering nodig is, voorlê. Indien geen sodanige geld gedurende 'n tydperk van drie maande ontvang is nie, kan die plaaslike bestuur 'n verklaring waarin melding daarvan gemaak word, in plaas van 'n geouditeerde staat aanneem.

#### 10. Nakoming van voorwaardes.

Die applikante moet die stigtingsvoorwaardes nakom en moet die nodige stappe doen om te sorg dat die titelvoorwaardes en ander voorwaardes genoem in artikel *ses-en-vyftig bis* van Ordonnansie No. 11 van 1931 nagekom word; met dien verstande dat die Administrateur die bevoegdheid besit om die applikante van almal of enigeen van die verpligtings te onthef en sodanige verpligtings by enige ander persoon of liggaaam van persone te laat berus.

#### B—TITELVOORWAARDES.

##### 1. Alle erwe.

Die erf is onderworpe aan bestaande voorwaardes en servitute insluitende die voorbehoud van minerale regte, maar uitgesonderd die servitut van reg van weg, twintig voet breed, ten gunste van ander gedeeltes van die plaas, wat ooreenkoms met 'n straat in die dorp.

##### 2. Die erwe met sekere uitsonderings.

Die erwe met uitsondering van—

- (i) erwe wat vir Goewerments- of Proviniale doel-eindes verkry mag word; en
- (ii) erwe wat vir munisipale doeleindes verkry mag word, mits die Administrateur in oorleg met die Dorperaad die doeleindes waarvoor sodanige erwe nodig is, goedkeur het;

is onderworpe aan die verdere voorwaardes hierna genoem:

- (a) Die applikante en enige ander persoon of liggaaam van persone wat skriftelik deur die Administrateur daartoe gemagtig is, het, met die doel om te sorg dat hierdie voorwaardes en enige ander voorwaardes genoem in artikel *ses-en-vyftig bis* van Ordonnansie No. 11 van 1931 nagekom word, die reg en bevoegdheid om op alle redelike tye die erf te betree ten einde sodanige inspeksie te doen of ondersoek in te stel as wat vir voormalde doel gedoen of ingestel moet word.

township, including the share of claim licence moneys and any share of rentals or profits which may accrue to any owner under any mining lease granted in respect of the land covered by the township and the like shall be reserved by the applicant.

#### 8. Streets.

(a) The applicant shall form, grade and maintain the streets in the township to the satisfaction of the local authority until such time as this responsibility is taken over by the local authority: Provided that the Administrator shall from time to time be entitled to relieve the applicant wholly or partially from this obligation after reference to the Board and the local authority.

(b) The streets shall be named to the satisfaction of the local authority.

#### 9. Endowment.

The applicant shall, subject to the provisos to paragraph (d) of sub-section (1) of section *twenty-seven* of Ordinance No. 11 of 1931, pay as an endowment to the local authority an amount representing  $19\frac{1}{2}\%$  (nineteen and a half per cent) on land value only of all erven disposed of by the applicant by way of sale, barter or gift or in any other manner (other than erven transferred in terms of section *twenty-four* of that Ordinance), such value to be calculated as at the date of such disposal and to be determined in the manner set out in the said paragraph (d).

Quarterly audited detailed statements shall be rendered by the applicant to the local authority and shall be accompanied by a remittance for the amount shown to be due to the local authority.

The local authority, or any official duly authorised thereto by it, shall have the right at all reasonable times to inspect and audit the applicant's books relative to the disposal of erven in the township. If so required by the said local authority, or official, the applicant shall produce all such books and papers as may be necessary for such inspection and audit. If no such moneys have been received during any quarterly period the local authority may, in lieu of an audited statement, accept a statement to that effect.

#### 10. Enforcement of Conditions.

The applicant shall observe the conditions of establishment and shall take the necessary steps to secure the enforcement of the conditions of title and other conditions referred to in section *fifty-six bis* of Ordinance No. 11 of 1931: Provided that the Administrator shall have the power to relieve the applicant of all or any of the obligations and to vest these in any other person or body of persons.

#### B—CONDITIONS OF TITLE.

##### 1. All erven.

The erf shall be subject to existing conditions and servitudes, including the reservation of rights to minerals, but excluding the servitude of right of way, in favour of other portions of the farm, twenty feet wide, which coincides with a street in the township.

##### 2. Erven with Certain Exceptions.

The erven with the exception of—

- (i) such erven as may be acquired for Government or Provincial purposes; and
- (ii) such erven as may be acquired for municipal purposes, provided the Administrator, after consultation with the Board, has approved the purposes for which such erven are required;

shall be subject to the following further conditions:—

- (a) The applicant and any other person or body of persons so authorised in writing by the Administrator shall, for the purpose of securing the enforcement of these conditions and any other conditions referred to in section *fifty-six bis* of Ordinance No. 11 of 1931, have the right and power at all reasonable times to enter into and upon the erf for the purpose of such inspection or inquiry as may be necessary to be made for the above-mentioned purpose.

- (b) Die erf of enige gedeelte daarvan mag nie aan 'n Kleurling oorgedra, verhuur of op 'n ander manier toegewys of van die hand gesit word nie en geen Kleurlinge, uitgesonderd die eienaar of okkuperdeer se *bona fide* bediendes wie se werk dit vereis dat hulle op die erf moet wees, mag toegelaat word om daarop te woon of om dit op 'n ander wyse te okkuper nie.
- (c) Die opstand van alle geboue moet voldoen aan die vereistes van goeie argitektuur sodat dit nie die bevalligheid van die omgewing benadeel nie.
- (d) Nog die eienaar, nog enigiemand anders besit die reg om, behalwe om die erf vir boudoeleindes in gercedheid te bring, enige materiaal daarop uit te grawe sonder die skrifstelike toestemming van die plaaslike bestuur.
- (e) Geen dier, soos omskryf in die Skutregulasies van Plaaslike Besture, opgestel ingevolge die Ordonnantie op Plaaslike Bestuur, No. 17 van 1939, mag op die erf aangehou word nie.
- (f) Geen geboue van hout en/of sink of geboue van rou stene mag op die erf opgerig word nie.
- (g) Waar dit volgens die mening van die plaaslike bestuur ondoenlik is om neerslagwater van erwe met 'n hoër ligging regstreeks na 'n publieke straat toe af te voer, is die eienaar van die erf verplig om te aanvaar dat sodanige neerslagwater op sy erf vloeи en/of toe te laat dat dit daaroor loop; met dien verstande dat die eienaars van erwe met 'n hoër ligging, vanwaar die neerslagwater oor 'n erf met 'n laer ligging loop, aanspreeklik is om 'n eweredige aandeel van die koste te betaal van enige pyplyn of asfleivoor wat die eienaar van sodanige erf met 'n laer ligging nodig mag vind om aan te lê of te bou om die water wat aldus oor die erf loop, af te voer.
- (h) Die erf mag slegs gebruik word om daarop 'n woonhuis op te rig; met dien verstande dat, met die toestemming van die Administrateur na raadpleging met die Dorperaad en die plaaslike bestuur, 'n plek van openbare godsdiensoefening of 'n plek van onderrig, 'n gemeenskapsaal, 'n irrigating of ander gebou wat in 'n woongebied tuishoort op die erf opgerig kan word; voorts met dien verstande dat die plaaslike bestuur sodanige ander geboue waarvoor in 'n goedgekeurde dorpsaanlegskema voorsiening gemaak word, kan toelaat, behoudens die voorwaardes van die skema waarvolgens die toestemming van die plaaslike bestuur vereis word.
- (i) Nog die eienaar, nog enigiemand anders besit die reg om vir enige doel hoegenaamd bakstene, teëls of erdepype of ander artikels van 'n soortgelyke aard op die erf te vervaardig of te laat vervaardig.
- (j) Behalwe met die toestemming van die Administrateur wat sodanige voorwaardes as wat hy nodig ag kan voorskryf, mag nie meer as een woonhuis met sodanige buitegeboue as wat gewoonlik vir gebruik in verband daarmee nodig is op die erf opgerig word nie; met dien verstande dat as die erf onderverdeel word of dit of enige gedeelte daarvan gekonsolideer word met enige ander erf of gedeelte van 'n erf, mag hierdie voorwaarde met die toestemming van die Administrateur van toepassing gemaak word op elke gevoglike gedeelte of gekonsolideerde area:—
- (i) Die waarde van die woonhuis, sonder buitegeboue, wat op die erf opgerig word moet minstens £2,400 wees.
  - (ii) Die hoofgebou, wat 'n voltooide gebou moet wees en nie een wat gedeeltelik opgerig is en eers later voltooi sal word nie, moet gelyktydig met, of voor, die buitegeboue opgerig word.
- (l) Geboue, met inbegrip van buitegeboue, wat hierna op die erf opgerig word, moet minstens 15 voet (Engelse) van die straatgrens daarvan geleë wees.
- (b) The erf, or any portion thereof, shall not be transferred, leased or in any other manner assigned or disposed of to any coloured person and no coloured persons other than the bona fide servants of the owner or occupier who are necessarily employed on the erf shall be permitted to reside thereon or in any other manner to occupy it.
- (c) The elevational treatment of all buildings shall conform to good architecture so as not to interfere with the amenities of the neighbourhood.
- (d) Neither the owner nor any other person shall have the right, save and except to prepare the erf for building purposes, to excavate therefrom any material without the written consent of the local authority.
- (e) No animal, as defined in the Local Authorities' Pounds Regulations, framed under the Local Government Ordinance, No. 17 of 1939, shall be kept on the erf.
- (f) No wood and/or iron buildings or buildings of unburnt clay-brick shall be erected on the erf.
- (g) Where, in the opinion of the local authority, it is impracticable for stormwater to be drained from higher lying erven direct to a public street, the owner of the erf shall be obliged to accept and/or permit the passage over the erf of such stormwater: Provided that the owners of any higher lying erven, the stormwater from which is discharged over any lower lying erf, shall be liable to pay a proportionate share of the cost of any pipeline or drain which the owner of such lower lying erf may find necessary to lay or construct for the purpose of conducting the water so discharged over the erf.
- (h) The erf shall be used for the erection thereon of a dwelling-house only: Provided that, with the consent of the Administrator, after reference to the Board and the local authority, a place of public worship or a place of instruction, communal hall, institution or other buildings appertaining to a residential area, may be erected on the erf: Provided further that the local authority may permit such other buildings as may be provided for in an approved Town-planning Scheme, subject to the conditions of the Scheme under which the consent of the local authority is required.
- (i) Neither the owner nor any other person shall have the right to make or permit to be made upon the erf for any purpose whatsoever, any bricks, tiles or earthenware pipes or other articles of a like nature.
- (j) Not more than one dwelling-house together with such outbuildings as are ordinarily required to be used in connection therewith shall be erected on the erf, except with the consent of the Administrator who may prescribe such conditions as he may deem necessary: Provided that in the case of the erf being subdivided or it or any portion thereof being consolidated with any other erf or portion of an erf this condition may be made applicable, with the consent of the Administrator, to every resultant portion or consolidated area:—
- (i) The dwelling-house, exclusive of outbuildings, to be erected on the erf shall be of the value of not less than £2,400.
  - (ii) The main building, which shall be a completed building and not one partly erected and intended for completion at a later date, shall be erected simultaneously with or before the erection of the outbuildings.
- (l) Buildings, including outbuildings, hereafter erected on the erf, shall be located not less than 15 feet (English) from the boundary thereof abutting on a street.

(m) Indien die erf omhein of op 'n ander wyse toege- maak word, moet die heining of ander omheinings- materiaal opgerig en onderhou word tot voldoening van die plaaslike bestuur.

**3. Servitute vir riool- en ander munisipale doeleindes.**  
Benewens die betrokke voorwaardes hierbo uiteengesit, is alle ewe aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

- (a) Die erf is onderworpe aan 'n servituut vir riool- en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, ses voet breed, langs enige van sy grense uitgesonderd 'n straatgrens.
- (b) Geen gebou of ander bouwerk mag binne die voorgenome servituut gebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige servituut of binne 'n afstand van ses voet daarvan geplant word nie.
- (c) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud en verwydering van sodanige rioolhoof- pypleiding en ander werke wat hy volgens goed- dunke noodsaklik beskou, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde servituut grens; en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel; met dien verstande dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud en verwydering van sodanige rioolhoof- pypleiding en ander werke veroorsaak word.

**4. Woordomskrywing.**

In voormalde voorwaardes het onderstaande uitdruk- kings die betekenis wat aan hulle geheg word:—

- (i) „Applicant” beteken Annie Maria Kirby, weduwee, en haar opvolgers tot die eiendomsreg van die dorp.
- (ii) „Kleurling” beteken 'n Afrikaanse of Asiatische inboorling, Kaapse Maleier of iedereen wat klaarklyklik 'n Kleurling is, en omvat enige vennootskap of maatskappy of vereniging van persone, waarin enige sodanige persoon die bevoegdheid besit om enige beheer van watter aard ook al uit te oefen oor die werkzaamhede of bate van sodanige vennootskap of maatskappy of vereniging van persone.
- (iii) „Woonhuis” beteken 'n huis wat ontwerp is vir gebruik as 'n woning deur een gesin.

**5. Goewerments- en munisipale erven.**

As 'n erf of ewe wat benodig word soos beoog in klousules B 2 (i) en (ii) hiervan in die besit kom van enige ander persoon as die Goewerment of die plaaslike bestuur, dan is so 'n erf daarop onderworpe aan sodanige van die voornoemde voorwaardes of sodanige ander voorwaardes as wat die Administrateur in oorelog met die Dorperaad mag bepaal.

No. 40 (Administrateurs-), 1959.]

**PROKLAMASIE**

DEUR SY EDELE DIE ADMINISTRATEUR VAN DIE PROVINSIE TRANSVAAL.

Kragtens en ingevolge die bevoegdheid aan my verleen by artikel *een-en-negentig* van die Suid-Afrika Wet, 1909, verklaar ek hierby dat onderstaande Ordonnansie wat deur die Provinciale Raad van Transvaal aangeneem is, deur Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal-in-rade goedgekeur is en hierby afgekondig word.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Een-en-twintigste dag van Maart Eenduisend Negehonderd Nege-en-vyftig.

F. H. ODENDAAL,  
Administrateur van die Provincie  
Transvaal.

T.A.A. 3/1/49/23.

(m) If the erf is fenced, or otherwise enclosed, the fencing, or other enclosing device, shall be erected and maintained to the satisfaction of the local authority.

**3. Servitudes for Sewerage and Other Municipal Purposes.**

In addition to the relevant conditions set out above all erven shall be subject to the following conditions:—

- (a) The erf shall be subject to a servitude for sewerage and other municipal purposes, six feet wide, in favour of the local authority, along any one of its boundaries other than a street boundary.
- (b) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within six feet thereof.
- (c) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance and removal of such sewerage mains and other works as it in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of constructing, maintaining and removing such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

**4. Definitions.**

In the foregoing conditions the following terms shall have the meanings assigned to them:—

- (i) “Applicant” means Annie Maria Kirby, widow, and her successors in title to the township.
- (ii) “Coloured person” means any African or Asiatic native, Cape Malay, or any person who is manifestly a coloured person and includes any partnership or company or association of persons, in which any such person has the power to exercise any control whatsoever over the activities or assets of such partnership or company or association of persons.
- (iii) “Dwelling-house” means a house designed for use as a dwelling by a single family.

**5. Government and Municipal Erven.**

Should any erf or erven as may be required as contemplated in clauses B 2 (i) and (ii) hereof, come into the possession of any person other than the Government or the local authority, such erf shall, thereupon, be subject to such of the aforementioned or such other conditions as may be decided by the Administrator after consultation with the Board.

No. 40 (Administrator's), 1959.]

**PROCLAMATION**

BY THE HONOURABLE THE ADMINISTRATOR OF THE PROVINCE OF TRANSVAAL.

Under and by virtue of the powers vested in me by section *ninety-one* of the South Africa Act, 1909, I hereby declare that the following Ordinance, passed by the Provincial Council of Transvaal, has been assented to by His Excellency the Governor-General-in-Council and is hereby promulgated.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand at Pretoria on this Twenty-first day of March, One thousand Nine hundred and Fifty-nine.

F. H. ODENDAAL,  
Administrator of the Province of  
Transvaal.

T.A.A. 3/1/49/23.

## ORDONNANSIE NO. 7 VAN 1959.

(Goedgekeur op 19 Maart 1959.)

(Die Engelse teks is deur die Goewerneur-generaal geteken.)

## 'N ORDONNANSIE

Om voorsiening te maak vir die tydelike vrystelling van die lisensiëring van motorvoertuie met 'n tara van meer as seweduend pond ten opsigte van die jaar 1959 en vir aangeleenthede in verband daarvan.

## DIE Provinciale Raad van Transvaal VERORDEN AS VOLG:—

Woordomskrywing.

Onstandigheide waarin motorvoertuig met tara van meer as 7,000 lb. van lisensiëring vir die jaar 1959 vrygestel kan word.

Wysie waarop aansoek gedoen moet word.

Uitrekking van vrystellingssertifikaat.

Motorvoertuig nie gedurende geldigheidsduur van vrystellingssertifikaat gebruik te word nie.

1. Enige woord of uitdrukking wat in hierdie Ordonnansie geset word, het, tensy uit die samewen anders blyk, die betekenis wat in die Padverkeersordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 18 van 1957), daaraan toegevys word.

2. Ondanks andersluidende bepalings in die Padverkeersordonnansie, 1957, vervat, kan die registrasie-owerheid, by wie die eienaar van 'n motorvoertuig met 'n tara van meer as 7,000 lb. die motorvoertuiglisensie vir sodanige voertuig ten opsigte van die jaar 1959 moet hervuur of hervu het, behoudens die bepalings van hierdie Ordonnansie, op die skriftelike aansoek van so 'n eienaar hom vrystel van die noodsaklikheid om sodanige voertuig vir die genoemde jaar te lisensiëer indien sodanige registrasie-owerheid daarvan oortuig is dat sodanige voertuig nie op en na die eerste dag van Januarie 1959, gebruik is nie en dat sodanige voertuig so afgetakel is dat dit tydelik ongeskik is vir gebruik.

3. 'n Aansoek in artikel twee genoem, moet vergesel gaan van—

(a) 'n verklaring waarin vermeld word—

- (i) dat die betrokke motorvoertuig nie op en na die eerste dag van Januarie 1959 gebruik is nie; en
- (ii) op welke wyse sodanige voertuig afgetakel is om dit tydelik vir gebruik ongeskik te maak; en

(b) 'n geld van tien sjielings; en

(c) die motorvoertuiglisensie en klaringsbewys van die betrokke motorvoertuig waar die applikant alreeds sy motorvoertuiglisensie vir die jaar 1959 hervuur het.

4. By ontvangs van 'n aansoek in artikel twee genoem, moet die registrasie-owerheid, indien hy daarvan oortuig is dat die aansoek in orde is en dat daar aan die vereistes van daardie artikel voldoen is, aan sodanige eienaar 'n sertifikaat uitreik wat hom vrystel van die noodsaklikheid daarvan om die betrokke motorvoertuig vir die jaar 1959 te lisensiëer en die bepalings van artikel twee-en-veertig van die Padverkeersordonnansie, 1957, is van toepassing op sodanige eienaar asof sodanige vrystelling ingevolge artikel sewe van daardie Ordonnansie verleen is.

5. (1) Die eienaar van 'n motorvoertuig aan wie 'n vrystellingssertifikaat ingevolge artikel vier uitgereik is, mag nie die motorvoertuig waarop sodanige sertifikaat betrekking het, gebruik of toelaat dat sodanige voertuig gebruik word vir enige doel hoegenaamd nie tensy en totdat sodanige sertifikaat aan die registrasie-owerheid deur wie dit uitgereik is, vir kanselliasie oorhandig is.

(2) 'n Eienaar in subartikel (1) genoem, is vanaf die datum van die kanselliasie van die vrystellingssertifikaat ingevolge daardie subartikel aanspreeklik ten opsigte van die lisensiëring van die betrokke motorvoertuig en moet binne een-en-twintig dae van daardie datum af aansoek doen om 'n motorvoertuiglisensie vir daardie voertuig soos beoog in artikel agtien van die Padverkeersordonnansie, 1957.

## ORDINANCE NO. 7 OF 1959.

(Assented to on 19th March, 1959.)

(English text signed by Governor-General.)

## AN ORDINANCE

To provide for the temporary exemption from licensing of motor vehicles exceeding a tare of seven thousand pounds in respect of the year 1959 and for matters incidental thereto.

BE IT ENACTED by the Provincial Council of Transvaal as follows:—

1. Any word or expression used in this Ordinance shall, unless the context otherwise indicates, have the meaning assigned thereto in the Road Traffic Ordinance, 1957 (Ordinance No. 18 of 1957).

2. Notwithstanding anything to the contrary contained in the Road Traffic Ordinance, 1957, which the registering authority at which the owner of a motor vehicle exceeding a tare of 7,000 lb. is required to renew or has renewed the motor vehicle licence of such vehicle in respect of the year 1959, may, subject to the provisions of this Ordinance, upon the written application of such owner, exempt him from the necessity of licensing such vehicle for the said year if such registering authority is satisfied that such vehicle has not been used on and after the first day of January, 1959, and that such vehicle is so dismantled as to render it temporarily unfit for use.

3. An application referred to in section two shall be accompanied by—

(a) a declaration stating—

- (i) that the motor vehicle concerned has not been used on and after the first day of January, 1959; and
- (ii) the manner in which such vehicle has been dismantled so as to render it temporarily unfit for use; and

(b) a fee of ten shillings; and

(c) the motor vehicle licence and clearance certificate of the motor vehicle concerned where the applicant has already renewed his motor vehicle licence for the year 1959.

4. The registering authority upon receipt of an application referred to in section two, shall, if satisfied that the application is in order and that the requirements of that section have been complied with, issue to such owner a certificate exempting him from the necessity of licensing the motor vehicle concerned for the year 1959 and the provisions of section forty-two of the Road Traffic Ordinance, 1957, shall apply to such owner as if such exemption had been granted in terms of section seven of that Ordinance.

5. (1) The owner of a motor vehicle to whom a certificate of exemption has been issued in terms of section four shall not use the motor vehicle to which such certificate refers or allow such vehicle to be used for any purpose whatsoever, unless and until he has surrendered such certificate to the registering authority by which it was issued, for cancellation.

(2) An owner referred to in sub-section (1) shall from the date of the cancellation of the certificate of exemption in terms of that sub-section, be liable in respect of the licensing of the motor vehicle concerned and shall within twenty-one days of that date apply for a motor vehicle licence for that vehicle as contemplated in section eighteen of the Road Traffic Ordinance, 1957.

Ongeldigheid van vrystellingssertifikaat op valse inligting uitgereik.

Misdryf en strawwe.

Bevoegdheid van Provinciale Sekretaris om motorvoertuiglicensiegeld alreeds betaal, terug te betaal.

Toewysing van geld betaal ten opsigte van vrystellingssertifikaat.

Verdeling van boete.

Vorms.

Kort titel.

6. Enige vrystellingssertifikaat uitgereik ingevolge artikel vier as gevolg van valse inligting deur die applikant verskaf, is van die datum van uitreiking af van nul en gener waarde.

7. Enige eienaar van 'n motorvoertuig wat—

- (a) sodanige motorvoertuig gebruik of toelaat dat dit gebruik word vir enige doel hoegenaamd terwyl 'n sertifikaat van vrystelling uitgereik ingevolge artikel vier ten opsigte daarvan geldig is; of
- (b) in verband met enige aansoek ingevolge hierdie Ordonnansie 'n verklaring maak of inligting verstrek wat na sy wete vals is of wat in enige wesenlike oopsig misleidend is,

is skuldig aan 'n misdryf en, by skuldigbevinding, strafbaar met 'n boete van hoogstens honderd pond of met gevangenisstraf van hoogstens twaalf maande of met beide sodanige boete en gevangenisstraf.

8. (1) Waar 'n eienaar van 'n motorvoertuig wat alreeds die motorvoertuiglicensiegeld vir sodanige voertuig vir die jaar 1959 betaal het, daarna ingevolge hierdie Ordonnansie vrygestel is van die noodsaklikheid om sodanige voertuig te lisensieer, moet die registrasie-owerheid die Provinciale Sekretaris dienooreenkomsdig verwittig en terselfdertyd die betrokke motorvoertuiglicensie en klaringsbewys aan hom oorhandig.

(2) Nadat hy ingevolge subartikel (1) verwittig is, moet die Provinciale Sekretaris 'n terugbetaling aan die eienaar van die betrokke voertuig laat maak van die geld wat vir die motorvoertuiglicensie betaal is en vir hierdie doel is die bepaling van subartikel (12) van artikel *honderd-en-estig* van die Padverkeersordonnansie, 1957, *mutatis mutandis* van toepassing.

9. Die geld van tien sjellings genoem in paraagraaf (b) van artikel drie en wat ontvang is deur 'n registrasie-owerheid wat 'n plaaslike bestuur is, maak deel uit van die inkomste van sodanige plaaslike bestuur en in alle ander gevalle word dit op die Provinciale Inkomstefonds gestort.

10. Behoudens die bepaling van artikel *twee-en-twintig* van die Finansiële Reëlingswet, 1932 (Wet No. 25 van 1932), word enige boete wat opgelê en borggeld wat verbeur is ten opsigte van enige oortreding ingevolge hierdie Ordonnansie, op die Provinciale Inkomstefonds gestort.

11. Die Provinciale Sekretaris kan besluit oor die vorms wat gebruik moet word vir die toepassing van hierdie Ordonnansie.

12. Hierdie Ordonnansie heet die Ordonnansie op die Tydelike Vrystelling van Lisensiëring (Motorvoertuie), 1959.

6. Any exemption certificate issued in terms of section four, as a result of false information having been furnished by the applicant shall be null and void from the date of issue.

7. Any owner of a motor vehicle who—

- (a) uses such motor vehicle or allows such motor vehicle to be used for any purpose whatsoever while a certificate of exemption issued in terms of section four is in force in respect thereof; or
- (b) in connection with any application in terms of this Ordinance, makes a declaration or furnishes information which to his knowledge is false or in any material respect misleading,

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding one hundred pounds or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both such fine and imprisonment.

8. (1) Where an owner of a motor vehicle who has already paid the motor vehicle licence fee for such vehicle for the year 1959 is thereafter exempted in terms of this Ordinance from the necessity of licensing such vehicle, the registering authority shall advise the Provincial Secretary accordingly and at the same time submit to him the motor vehicle licence and clearance certificate concerned.

(2) On being advised in terms of sub-section (1) the Provincial Secretary shall cause a refund of the fee paid for the motor vehicle licence to be made to the owner of the vehicle concerned and for this purpose the provisions of sub-section (12) of section *one hundred and sixty* of the Road Traffic Ordinance, 1957, shall apply, *mutatis mutandis*.

9. The fee of ten shillings referred to in paragraph (b) of section three and received by a registering authority which is a local authority, shall form part of the revenue of such local authority and in all other cases shall be paid into the Provincial Revenue Fund.

10. Subject to the provisions of section *twenty-two* of the Financial Adjustment Act, 1932 (Act No. 25 of 1932), any fine imposed and moneys estreated as bail in respect of any offence under this Ordinance shall be paid into the Provincial Revenue Fund.

11. The Provincial Secretary may determine forms what forms shall be used for the purposes of this Ordinance.

12. This Ordinance shall be called the *Tempo-Exemption from Licensing (Motor Vehicles)* Ordinance, 1959.

Avoidance of certificate of exemption issued on false information.

Offences and penalties.

Power of Provincial Secretary to refund motor vehicle licence fee already paid.

Allocation of fee paid in respect of exemption certificate.

Apportionment of fees.

Forms.

Short title.

## PROVINSIALE ADMINISTRASIE.

### ADMINISTRATEURSKENNISGEWINGS.

Onderstaande kennisgewings wat betrekking het op die administrasie van die Provinsie Transvaal word op gesag van die Administrateur vir algemene inligting gepubliseer.

J. H. O. VAN GRAAN,  
Provinciale Sekretaris.

Kantoor van die Administrateur van Transvaal, Pretoria.

## PROVINCIAL ADMINISTRATION.

### ADMINISTRATOR'S NOTICES.

The following notices relating to the administration of the Province of the Transvaal are published under the authority of the Administrator for general information.

J. H. O. VAN GRAAN,  
Provincial Secretary.

Office of the Administrator of Transvaal, Pretoria.

Administrateurskennisgewing No. 184.] [11 Maart 1959.  
MUNISIPALITEIT STANDERTON.—VOORGETELDE VERANDERING VAN GRENSE.

Ingevolge artikel *tien* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekendgemaak dat die Stadsraad van Standerton 'n versoekskrif by die Administrator ingedien het met die bede dat hy die bevoegdheid aan hom verleen by subartikel (7) van artikel *nege* van genoemde Ordonnansie uit te oefen deur die grense van sy munisipaliteit verander deur die inlywing van die gebiede omskryf in die Bylae hiervan.

Alle belanghebbende persone is bevoeg om binne 30 dae na die eerste publikasie hiervan in die *Offisiële Koerant van die Provinsie* van die Administrator 'n teenpetisie voor te lê met vermelding van gronde van beswaar teen genoemde voorstel.

T.A.L.G. 3/2/33.

#### BYLAE.

MUNISIPALITEIT STANDERTON.—VOORGESTELDE GEBIEDE BY DIE MUNISIPALITEIT INGELYF TE WORD.

(1) Gedeelte 17 ('n gedeelte van Gedeelte A van gedeelte), groot 64·3310 morg, van die plaas Rooikoppen No. 408, Registrasie Afdeling I.S., distrik van Standerton (Kaart L.G. No. A.402/43).

(2) Gedeelte 18 ('n gedeelte van gedeelte), groot 217·1155 morg, van die plaas Rooikoppen No. 408, Registrasie Afdeling I.S., Distrik van Standerton (Kaart L.G. No. A.403/43).

Administrateurskennisgewing No. 185.] [11 Maart 1959.  
MUNISIPALITEIT WITBANK.—INTREKKING VAN VRYSTELLING VAN BELASTING.

Ingevolge artikel *tien* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekendgemaak dat die Stadsraad van Witbank 'n petisie by die Administrator ingedien het waarin hy versoek word om die bevoegdheid aan hom verleen by subartikel (10) van artikel *nege* van genoemde Ordonnansie uit te oefen deur die opheffing van vrystelling van die bepalings van die Plaaslike-Bestuur-Belastingordonnansie, 1933, ten opsigte van die eiendomme wat in die bygaande Bylae beskryf word.

Alle belanghebbende persone is bevoeg om, binne 30 dae na die eerste publikasie hiervan in die *Offisiële Koerant van die Provinsie*, aan die Administrator 'n teenpetisie voor te lê met vermelding van gronde van beswaar teen genoemde voorstel.

T.A.L.G. 3/2/39.

#### BYLAE.

Voorgestelde intrekking van vrystelling van belasting ten opsigte van—

- (1) Blancheville Dorp (Algemene Plan L.G. No. A.18/58);
- (2) Gedeelte 4 van Gedeelte D van die plaas Zeekoewater No. 311, Registrasie Afdeling J.S., distrik Witbank, groot 1 morg (Kaart L.G. No. A.163/25);
- (3) Gedeelte 112 ('n gedeelte van Gedeelte D) van die plaas Zeekoewater No. 311, Registrasie Afdeling J.S., distrik Witbank, groot 1 morg (Kaart L.G. No. A.3866/42);
- (4) Gedeelte 113 ('n gedeelte van Gedeelte D) van die plaas Zeekoewater No. 311, Registrasie Afdeling J.S., distrik Witbank, groot 1 morg (Kaart L.G. No. A.3867/42);
- (5) Gedeelte 114 ('n gedeelte van Gedeelte D) van die plaas Zeekoewater No. 311, Registrasie Afdeling J.S., distrik Witbank, groot 1·0201 morg (Kaart L.G. No. A.3868/42);
- (6) Gedeelte 115 ('n gedeelte van Gedeelte D) van die plaas Zeekoewater No. 311, Registrasie Afdeling J.S., distrik Witbank, groot 2 morg (Kaart L.G. No. A.3869/42).

Administrator's Notice No. 184.] [11 March 1959.  
MUNICIPALITY OF STANDERTON.—PROPOSED ALTERATION OF BOUNDARIES.

